
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

STAAN VREESLOOS MET VOLHARDING

Die Woord van die Here waarsku ons dat in die laaste dae sal die aanvalle op die Gelowiges in die Here Jesus Christus vererger, maar dat dit ons nie behoort te oorrompel nie. Die wat begeer om reg en voorbereid te wees vir die koms van ons Here Jesus Christus, sal met volgehoue weerstand van Satan en sy demoniese magte te doen hê. Die goeie nuus is egter dat die Here ons sal versterk en ons sal beskerm en vir ons sal stry soos ons aanhou om Sy wil en Sy weë te kies. As ons aan Hom gehoorsaam is gedurende moeilike tye, sal Hy vir ons die genade, vermoë en die oorwinning gee, MAAR ONS MOET AANHOU OM VREESLOOS TE STAAN MET VOLHARDING REGDEUR DIE STRYD. Ons lees in Exodus 14:13-14 toe die Israeliete voor Farao en sy magtige Egiptiese weermag gevlug het, en by die Rooi See gekom het en nie vorentoe kon gaan nie, ook kon hulle nie terugtrek nie, en luister wat die Here, deur Moses, aan hulle gesê het in daardie skynbaar onmoontlike situasie: **Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees (Ex. 14: 13 – 14).**

Onthou altyd dat Jesus Christus alreeds die stryd vir jou gewen het op Golgota, jy is reeds oorwinnend want Christus is aan jou kant. As jy volgens God se beginsels veg SAL JY WEN in enige aanval op jou lewe.

Neem vandag 'n kwaliteit besluit. KIES LEWE. Kies om NIE BEVREES TE WEES NIE, OM STIL TE WEES EN VAS TE STAAN, en jy sal die VERLOSSING VAN DIE HERE AANSKOU! Maak nie saak wat die omstandighede is of hoe lank dit neem nie, dit kan 2 dae, 2 maande, 2 jaar ens. neem. Bereken die koste, en besef dat daar geen ander manier is nie. Dit sal die poging werd wees, omdat jy die Here se hand in jou omstandigheid sal sien; jou geliefdes sal gered word, en jy sal genees word, Hy sal die nodige finansies voorsien of vir wat ook al jy in geloof BLY STAAN. Moenie wankel of tou opgooi nie, maar weet dat as jy ferm staan met jou oë en hart op Jesus en Sy beloftes gerig – is oorwinning op pad. En bely dit met jou mond!

Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, STAANDE kan bly (Ef. 6:13).

VOLHARDING is een van die belangrikste kwaliteite in 'n gelowige se hart, maak nie saak hoe sleg die toestand of probleem in jou lewe of die lewens van hulle vir wie jy bid lyk nie, onthou altyd: GEEN PROBLEEM is te groot vir Jesus nie. Hy sal jou deurdra en jy sal die wonderlike oorwinning ervaar as jy gewillig is om vas te staan en God se Woord te vertrou.

Daar is 'n gesegde: Waar daar lewe is, is daar hoop. Dit is van toepassing op ons geestelike stryd: dit maak nie saak hoe verlore of wederstrewig jou geliefde is nie, DAAR IS HOOP IN JESUS CHRISTUS! Dit maak nie saak hoe ernstig die siekte is nie, of wat dokters gesê het nie, DAAR IS ALTYD HOOP IN JESUS CHRISTUS! Moenie opgee oor jou huwelik of geliefde nie! Moenie opgee nie, daar is nog lewe!

Dit is belangrik om ons lewens te ondersoek en seker te maak dat ons nie sonde of afgode koester nie, wat aan Satan 'n wettige reg gee om te steel, te slag en te vernietig. Is jou hart gevul met onvergifnis, self bejammering, rebellie, verwerping of bitterheid? Al hierdie dinge kan aan Satan 'n wettige vastrapplek gee om jou van God se seëninge te beroof. JY KAN NIE BEKOSTIG om so 'n sonde in jou lewe te koester nie. Het BEROU en beweeg aan met die Here!

Die Woord van die Here vertel ons dat: **As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Staan vreesloos….)

ongeregtigheid te reinig (I Joh. 1:9). Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol (Jes. 1:18).

As Gelowiges, behoort ander die Vrug van die Heilige Gees in ons lewens gemanifesteer te sien. Die Vrug van die Gees is **liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. (Gal 5:22).**

As 'n Christen vrou oorlogvoering vir haar ongeredde man doen en vir sy redding en verlossing bid, moet sy let op **1 Pet. 3:1: Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans ONDERDANIG WEES, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue SONDER WOORDE gewin kan word (Lees tot vers 6).**

Vroue moenie teenoor jou man kla en sanik en aanhoudend met hom argumenteer nie, want jy sal hom uiteindelik wegdryf. Bid eerder vir hom SONDER OM TE VEEL TE Sê, maar deur jou lewenswyse en voorbeeld wees die geur van Christus onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan **(2 Kor.2:15).** Een van die grootste wapens wat 'n Gelowige het, is die van LOFPRYSING EN AANBIDDING, wat nie net bose geeste sal bind en wegdryf nie volgens **Psalm 149:6-9,** maar lofprysing en aanbidding sal die Teenwoordigheid van die Here in die situasie bring. Die Woord sê dat die Here woon onder die lofsange van Sy kinders **(Psalm 22:4).**

As jy Jesus aanhoudend verhef deur Hom IN elke situasie (nie VIR elke situasie nie) te loof en aanbid sal Satan min kans hê om jou aan te val, want hy kan nie verdra dat ons die Ware God en Sy Seun Jesus aanbid nie en hy moet vlug. Onthou die storie van koning Josafat wat gaan veg het en seker gemaak het dat hy die sangers op die voorpunt geplaas het **(2 Kron. 20:21).** In hierdie verslag van oorlogvoering in die Bybel het die kinders van Israel oor hul magtige God, Yahweh, GESING omdat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is. Hulle het uit die diepte van hul siele GESING, vertrouend in die God van hul verlossing en dit het verwarring in die vyand se kamp veroorsaak. DIE ISRAELIETE HET GELOOF IN HUL GOD GEHAD EN HET HOM GELOOF, EN HY HET AAN HULLE DIE OORWINNING GEGEE, SONDER DAT HULLE 'n ENKELE FISIESE WAPEN GEBRUIK HET! Te alle tye en onder enige omstandigheid, wanneer jy die Here aanbid en loof, bind jy Satan en sy demone.

Laat ons na drie interessante situasies in die Bybel kyk wat bewys dat wanneer jy jou vertroue in die Here Jesus plaas, jy die ergste aanval wat Satan kan bring sal baasraak. **En hulle het aan die oorkant van die see gekom in die land van die Gadareners. En toe Hy uit die skuit gaan, kom daar dadelik uit die grafte Hom tegemoet 'n man met 'n onreine gees, wat sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie; want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie. En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan. En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer (Mark. 5: 1 – 6). En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see. En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer en smeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe. En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring. Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig? Mark 5: 21 – 24 & 35). En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak (Mark. 5 :25 – 27).**

Hierdie was drie uiterste gevalle wat duiwelbesetenheid, kroniese siekte en dood ingesluit het. Ons sien dat in al drie gevalle iets WONDERLIKS gebeur het! Toe Jesus op die toneel verskyn het, het die omstandighede volkome verander.

Die besete man is verlos en bevry, die siek vrou is genees en die dogter wat dood was is opgewek!

Dit is wanneer ons van sulke gevalle lees dat ons GELOOF VERSTERK WORD! **Geloof kom deur die gehoor en die gehoor kom deur die Woord van God (Rom.10:17).**

Ek het baie keer mense in hospitale gesien wat aan ongeneeslike siektes gely het, maar wat televisie gekyk het en wêreldse tydskrifte gelees het – dit het my altyd verstom, omdat hulle geloof nodig gehad het sodat hulle genees kon word: GOD IS BY MAGTE EN BEGEER OM HULLE TE GENEES! Maar in plaas van tyd deur te bring deur die Bybel te lees, om hul geloof op te bou en geloof te verkry vir hul genesing, deur die bestudering van die Here se beloftes in Sy Woord, vul hulle hul gedagtes met wêreldse sienswyses, wat tot vernietiging lei.

Die Bybel sê vir ons in **Spr. 4:22** aangaande God se Woord.... **Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Staan vreesloos…)

liggaam.

God se Woord genees nie net, maar voorkom en immuniseer die Gelowige teen siekte. Dit hang natuurlik af van die hoeveelheid Woord wat ons lees, glo en op reageer. **Psalm 119:107: Ek is baie diep neergedruk; Here, maak my LEWEND na u Woord!** Selfs as jy nie altyd voel om te lees nie, of voel dat dit jou nie help nie of miskien verstaan jy nie alles in die Woord nie, nogtans – LEES.

God se Lewende Woord sal lewe vir jou liggaam, gees en siel wees. Die Here sal met jou praat deur Sy Woord, Hy is getrou en jy sal bemoedig word en gevul word met Sy Lewe. Laat ons Markus 5 heroorweeg, Jesus Christus is die skepper van wonderwerke! Jesus is die Skepper en Voleinder van ons geloof, omdat Hy en Hy alleen LEWE is. Alle mag in die hemel en op aarde behoort aan Hom.

Beskou die besete man van wie ons vroeër gepraat het. Alhoewel hy deur 'n legioen demone beset was, moes hulle Jesus se bevel gehoorsaam en vlug. Elke knie moet in Jesus se teenwoordigheid buig.

Jesus Christus is vandag steeds dieselfde – HY VERANDER NOOIT! Wat Hy toe gedoen het, sal Hy vandag nog doen. **Jesus Christus dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid (Heb.13:8).**

Jesus het net die wonderlike wonderwerk gedoen om die demoon besete man van Gadara te bevry, toe nog 'n skare Hom omring het en 'n belangrike man in die sinagoge na Jesus gekom het en aan Sy voete neergeval het. Hierdie man het 'n wanhopige behoefte gehad en het na Hom in nederige onderdanigheid gekom. Ek het myself dikwels in die man se posisie geplaas en besef hoe kwesbaar hy moes gewees het. Die dokters kon niks vir sy kind doen nie, sy sou sterf! In sy desperate posisie, moes hy gehoor het dat die Groot Geneser – Jesus in die land was en hy moes aan sy familie gesê het: **“Kyk asseblief na my kind en probeer om haar aan die lewe te hou totdat ek terugkom. Ek gaan na Jesus van Nasaret soek en ek weet dat Hy haar sal genees.”**

Toe Jaïrus vir Jesus gekry het, het hy aan die Here se voete neergeval. Dit is so wonderlik om die gerusstelling te hê, dat in sekere tye wanneer niemand anders kan help nie en dit wil voorkom asof daar geen oplossing vir ons probleme is nie, ons voor Jesus se voete kan neerval. Ons kan altyd staatmaak op ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons moet Hom egter naarstigtelik soek en ons oë ferm gevestig hou op Sy vermoë totdat die geveg gewen is. Want die geveg is die Here s’n. Ons moet nooit skaam wees om ander van ons afhanklikheid aan die Here te vertel nie. Ons lees in Mark. 5 dat Jaïrus egter glad nie omgegee het wie hom gesien het toe hy voor Jesus se voete neergeval het nie. Hy was desperaat en het die sekerheid gehad dat die Here hom kon help en hy het dit openlik gewys deur sy nederige afhanklikheid van Jesus. Die wonderwerk wat gebeur het toe sy dogter uit die dood opgewek is was 'n direkte gevolg van sy onwankelbare geloof in Jesus. Hierdie wonderwerk het mense regdeur die eeue hoop en aanmoediging gegee. Jaïrus het openlik sy geloof in goddelike genesing bely, hy het Jesus ernstig gesmeek: **My dogtertjie lê op sterwe. Kom lê U hande op haar sodat sy gesond kan word en sy sal lewe.” Jaïrus het geweet dat wanneer Jesus hande op sy dogter lê, GESONDHEID en LEWE sou volg. Jaïrus het in sy hart geglo en met sy mond bely en het ontvang waarvoor hy vertrou het (Mark. 11:23).**

Sy geloof het werklik die hart van Jesus geseën, wie ingestem het om na sy huis te gaan en hande op sy dogter te lê. Jesus se woorde in **Joh.10:10 was: Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.**

Onthou altyd as jy in 'n desperate situasie kom, soos Jaïrus, en jy handel in ooreenstemming met die Here se Woord, dit is IN GELOOF (wat eenvoudig is om Jesus met jou hele hart te VERTROU), jy ook van 'n wonderwerk verseker kan wees. Baie mense begin deur ywerig Sy Woord te glo, soos Jaïrus gedoen het, maar soos die situasie of siekte vererger of die geveg moeiliker raak, raak meeste mense moeg en gee moed op voordat hulle oorwinning in die Here het. Hulle was oppad om 'n wonderwerk van die Here te ontvang, maar het opgegee voor die manifestasie van die Here se krag plaasgevind het. Baie was op die punt om oorwinning te verkry – Jesus het die pad saam met hulle gestap soos Hy met Jaïrus gedoen het.... Kind van God, moet nooit moed verloor nie!!

Jesus het gesê dat Hy **ons nooit sal begewe en nooit sal verlaat nie (Heb.13:5)**. Waarom dan twyfel dat Hy met jou deur enige moeilikheid is as jy na Hom roep.

Moenie dink dat daar nie hindernisse op Jaïrus se pad was nie, maar uiteindelike oorwinning! Soos Jesus en Jaïrus na die huis geloop het waar die siek sterwende kind gelê het, het 'n vroutjie wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het deur die skare gedruk om by Jesus te kom. Jaïrus moes geloof (vertroue) en geduld beoefen terwyl Jesus 'n rukkie by die vroutjie vertoef het om met haar behoefte te deel. Stel jou voor hoe Jaïrus gevoel het terwyl die tyd verby gaan, met sy kind op die randjie van die dood. Al wat hy kon doen was om SY Oë OP JESUS TE HOU. Dikwels wanneer ons 'n wonderwerk brood nodig in ons lewens het, raak ons so selfgesentreerd dat ons net oor ons eie probleme kan dink en praat. Wanneer ander 'n wonderwerk van die Here ontvang, mag ons teleurgesteld wees en wonder waarom niks in ons situasie gebeur nie. Woorde van teleurstelling soos: “waarom word ander genees en nie ek nie?” kan

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Staan vreesloos….)
aan Satan die geleentheid gee om jou van 'n wonderwerk te beroof, voordat dit kon plaasvind. Pasop dat Satan nie selfsugtige bitterheid in jou hart plaas, om te voorkom dat jy van God ontvang nie. Satan sal dikwels negatiewe, sondige gedagtes veroorsaak (die denke is die slagveld). Ons sal dinge sê soos: "God het my nie lief nie omdat Hy my nie genees het nie", of "Dit is te moeilik om 'n Christen te wees, ek gaan die handdoek in gooi ".

As jy op 'n aanraking van die Here wag moet nooit ooit sulke gedagtes toelaat of woorde om jou te beheer nie, want dit is dwaas en nie in lyn met Sy Woord nie.

Om met die storie van Jaïrus aan te gaan. Hy was skielik gekonfronteer met die mees hart verskeurende nuus dat sy dogter gesterf het! Onthou egter wat Jesus geantwoord het!

MOENIE VREES NIE, GLO NET.

Jesus het hom bemoedig om nie op te hou glo nie, selfs in 'n situasie wat hopeloos gelyk het!!! Bly vertrou. Dit is van toepassing op ons lewens as gelowiges. Gaan ons Satan se leuens glo, of gaan ons op die Woord van die Here staan? Jaïrus het Jesus se woorde ontvang en dit geglo en nie opgegee nie. Selfs vandag word ons beveel dat **geloof deur die gehoor kom en die gehoor deur die woord van God (Rom.10:17).** Daarom, MEDITEER OP GOD SE WOORD, VUL JOU HART MET GOD SE BELOFTES. Want Sy Woord is LEWE aan almal wat gehoorsaam is en sal glo. Toe Jesus die kamer van Jaïrus se dogtertjie binnegegaan het, was Hy vergesel deur slegs ware gelowiges (Petrus, Jakobus, Johannes en Jaïrus). Hy het seker gemaak dat geen negatiewe, nuuskierige bystanders naby was, vers 40 vertel ons dat Hy die ander beveel het om weg te gaan. Geen spotters of skeptici was op daardie oomblik welkom nie!

Dit is belangrik om net Goddelike advies en raad te soek by mense wat weet, glo en God se Woord spreek. Jy sal die simpatieke kry wat sê: "Aanvaar dit net, dit is God se Wil." Selfs predikers sê dikwels:" Die Here toets en reinig jou deur hierdie siekte." Dit is verseker 'n manier van Satan om jou geloof aan te val, voordat ons 'n wonderwerk van die Here ervaar.

Jesus het die spottery van die roubeklaers gesien, daar was groot verwarring en gehuil by Jaïrus se huis. Die mense het vir Jesus en Jaïrus gelag en Jesus het hulle beveel om weg te gaan.

Baie keer as Christene ondervind ons dieselfde spottery van familie en geliefdes wanneer ons Jesus die Here van ons lewens maak en kies om deur geloof in God se Woord te leef en nie volgens die mens se wysheid en redenasie nie.

Toe gryp Jesus die hand van die kind en sê vir haar: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op! En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas. En Jesus het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word (Mark. 5:41 – 43). Jaïrus het daardie dag 'n wonderlike wonderwerk ondervind omdat hy gekies het om sy oë op Jesus (die Skepper en Voleinder van ons geloof) te hou en niks en niemand sou hom laat twyfel nie.

Ek wil graag elkeen van julle in die nuusbrief bemoedig om positief te wees en te weet dat JESUS OP HIERDIE OOMBLIK BY JOU IS WANNEER JY ENIGE SITUASIE IN DIE GESIG MOET STAAR. JESUS SAL JOU NOOIT BEGEWE OF VERLAAT NIE. Maak nie saak hoeveel teenstand jy kry nie, niks is vir die Here te moeilik nie. Begin om Jesus te loof en dank vir Sy getrouheid en ewigdurende teenwoordigheid. Hy belowe dat Hy 'n wonderwerk in jou lewe SAL verrig, as jy Hom vertrou en gehoorsaam. As ons na **Ef. 6:14** blaai sê die Here vir ons: **Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie Gal. 6:9).** Onthou die Here verwag van ons om te volhard en deur te druk, of dit 10 min., 10 weke of 10 jaar neem terwyl ons Jesus vertrou vir 'n oorwinning in enige situasie. Sy Woord sal ALTYD VAS BLY STAAN. Op hierdie punt in jou lewe sal jy Jesus se oorwinning ervaar teen enige aanvalle van Satan, as jy volgens die Woord en maniere van die Here die stryd stry.

Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het (I Tim. 6:12). ¨ ●

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

JESUS THE HEALER

In Matt. 15 21-28 we read the account of a Gentile woman who came to Jesus for healing for her daughter. Jesus told her that healing was the Children's bread (for the House of Israel only), and yet He healed her daughter because of the mother's great faith. From this statement, we learn that healing is available to the Lord's children and yet in His great mercy He also heals those who come to Him in faith, believing in His power to heal them. We have prayed for unbelievers, some of them have been Moslems and Hindus, and before we pray for them, we have the opportunity of telling them that Jesus Christ is the Healer, and that we pray only in His Name. The Lord in His mercy touches them and displays His healing power with the intent of drawing the needy unbeliever unto Himself. He wants them to know Him as their Saviour – for that affects their eternity - as well as their Healer. They, then have the choice to follow the One who has just touched their body, or to reject Him as Lord. It is unfortunate that many who have been healed do not keep their healing because they reject the Healer as Saviour. It is of the utmost importance that we take the crucial step of receiving Jesus Christ, as our Personal Saviour as well as our Healer. His death upon the cross of Calvary afforded us the benefit of Salvation and Healing. Jesus paid the price for both our spiritual and our physical needs. It was only through His perfect sacrifice that forgiveness of our sin was made possible. We need the forgiveness of our sin in order to retain physical healing. Jesus said to the people in **Mark 2:9-12: Whether is it easier to say to the sick of the palsy, Thy sins be forgiven thee; or to say, Arise, and take up thy bed, and walk? But that ye may know that the Son of man hath power on earth to forgive sins, (He saith to the sick of the palsy,) I say unto thee, Arise, and take up thy bed, and go thy way into thine house. And immediately he arose, took up the bed, and went forth before them all; insomuch that they were all amazed, and glorified God, saying, We never saw it on this fashion.**

We can say together with the Psalmist: Bless the LORD, O my soul, and forget not all his benefits: Who forgiveth all thine iniquities; who healeth all thy diseases; (Psa 103:2-3)

The Bible tells us in **Psalm 107:20 He sent his word, and healed them, and delivered them from their destructions.** And verse 21 continues: **Oh that men would praise the LORD for his goodness, and for his wonderful works to the children of men! Yes, the Lord did send His Word to heal, the written Word and the Word made flesh! (John 1:1) In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. (John 1:14) And the Word was made flesh, and dwelt among us, (and we beheld his glory, the glory as of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.** The Word of the Lord is spirit and it is life (John 6:63), and we need to know what says in His Word concerning healing if we are in need of it.

Some do not receive healing because they do not take the time to mediate upon the Word of God, to think deeply about it and what it is in fact saying, then allowing its truth to develop and grow within them. We read in Mark 6:5-6 that in His hometown of Nazareth, Jesus COULD DO NO MIGHTY WORK because the people were SCEPTICAL AND FULL OF UNBELIEF – they did not know the truth. The scripture goes on to say that Jesus then proceeded to teach them. This was in order to build up their faith - because faith cometh by hearing the Word of the Lord – **Rom,10:17. Take time, therefore, and read and hear Lord's Word so that you can receive and understand His conditions for the healing of your body.** Make quite sure that you truly believe that it is the Lord's Will to heal you. I, personally, know without a shadow of a doubt that it is the Lord's will to heal, because He explains it so clearly in the Bible, and also through experiencing His faithfulness! I have seen the Lord heal every possible disease during my time in ministry, but do YOU believe it, or is your cry: "Lord, I am not sure yet whether you really mean what you promised?" You must have the certainty and be absolutely sure of this truth before praying for healing or being prayed for. This faith to trust the Lord grows as you immerse yourself in His Word. Do not be double minded, as the Bible tells us in **James 1:6-8: But let him ask in faith, with not doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.**

When Dr James was practising as a medical doctor, an old Zulu man holding a white stick, walked into his surgery one day, led by the hand of his grandson. He asked Doc if there was anything he could do for him, as he had severe cataracts on both eyes and was blind. Doc told him that surgery was possible, and that he could send him to King Edward Hospital in Durban, where they would remove the cataracts. At that point the voice of the Lord spoke to Dr James, saying that he should pray for him to receive his sight. He asked him if he believed that if he prayed for him, Jesus would heal him and give him his sight. Without hesitation the man replied emphatically that he believed without reservation that Jesus would heal him! Doc proceeded to pray for him and cast out the devil of blindness and laid hands on his eyes, commanding them to see in the name of Jesus. When he took his hand from his eyes, he lifted up four fingers and asked him how many fingers he could see. He said "four"! Then he lifted up two fingers, and asked him the same question, he said, "two". Dr James was more surprised when his sight was restored, than he was! He had just simply believed with childlike faith, and Jesus honoured his faith. He then examined his eyes under a light and saw that the cataracts were still there, and yet he COULD SEE through those cataracts. He put his white stick under his arm, and he and his grandson set off down the passage, rejoicing! Dr James was so excited and just worshipped the Lord then and there!

A few months later the same man returned and Dr James was able to examine his eyes once again. This time the pupils of his eyes were perfectly

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Jesus the Healer…..)
clear, and all signs of the cataracts had disappeared. The healing that Jesus had started when this old man first visited Doc, was there for all to see! What a wonderful Lord we serve. Of course his faith just escalated!

Sometimes there is sin in our lives which separates us from the Lord. It could is a "big" sin, but "little foxes", as Solomon rightly calls our sinful little habits, erode and cause decay. All sin is sin in His eyes, there are no small ones or big ones. Let us therefore humble ourselves before the Lord and ask Him to open our spiritual eyes so that we can become aware of, and deal with the wrong in our lives, only then can we turn from it and ask Him for forgiveness. Then we will not feel condemned when we approach Him in prayer. He promises to remove our transgressions as far as the East is from the West, according to His promise in Psalm 103:12, and 1John 1:9.says: **If we confess our sins, he is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness.**

Let me stress the importance of the sin of unforgiveness towards our fellow man. Unforgiveness, if not dealt with, breeds bitterness and hatred, and on many occasions it is accompanied by thoughts of judgement, vengeance and revenge. The Bible is very clear that it is imperative for us to forgive anyone who has wronged us so that our Heavenly Father can forgive us and answer our prayers. **Matt. 6:14-15: For if ye forgive men their trespasses, your heavenly Father will also forgive you: But if ye forgive not men their trespasses, neither will your Father forgive your trespasses.** (Read our book "The Power of Forgiveness"). Unforgiveness is perhaps the most common sin standing between us and the manifestation of our healing. Then there are the lusts of the flesh which we need to resist. It is important to deal with everything that will corrupt and destroy the body, which is the temple of the Lord. We read in **1 Cor. 3:16-17: Do you not know that you are the temple of God and that the Spirit of God dwells in you? If anyone defiles the temple of God, God will destroy him.** For the temple of God is holy, which temple you are. Ask the Lord to help you lay down that which is not edifying to Him or good for you. Many of these fleshly habits become compulsive and control our lives, causing a blockage to receiving our healing, but praise the Lord, His Word promises us in Phil. 4:13 that: **I can do all things through Christ who strengthens me.** Make a quality decision today, to give up that unclean habit which rules your life.

If you have been involved in any occult practises, each should be renounced in the Name of Jesus. Ask the Lord to forgive you for having been involved in any of the following: fortune telling, astrology, horoscope reading, spiritualism, mind reading, reincarnation, water divination (with a rod or stick), acupuncture, refelxology, reiki, superstitions, healing by witch doctors, hypnosis, and any other alternative healing method with occult eastern religious roots, or the ouiji board. This deceptively "harmless game", is in fact seeking the supernatural outside the Will of the Lord and is an occult practise. Break with all the above, and for a fuller list of Satanic practises, read our book "Know Your Enemy".

Yet another blockage to healing could be involvement in Eastern religious symbols or idols, eg. a Buddha ornament or other figurines of Eastern "gods" kept in your home. Many Eastern ornaments have pictures depicting the dragon, which represents Satan. You may need to do some house cleaning, as they did in the church of Acts. Ask the Lord, prayerfully to show you anything that is an abomination to Him which may be in your house. Yoga, kung-fu, jujitsi and karate have their origins in Eastern religious practises, and should be avoided and renounced, should you have participated in any of them.

We may have in all ignorance become entangled in these activities, which are devil inspired, without realising that we were playing with fire! Ask the Lord for discernment and wisdom, and when you have broken with, and repented of all the sins of which you are aware, make Jesus number one in your life, and seek His Word and His ways. Let Matt. 6:33 be the standard by which you live.

But seek ye first the Kingdom of God, and His righteousness; and all these things shall be added unto you. Matt. 6:33.

Remember that Satan is the cause of all sickness, destruction and unhappiness in the life of man, therefore we must not give him an opening into uour lives. He is the enemy of the Lord and of all of mankind. The day you received Jesus as your Lord and Saviour and became His disciple, deciding to pick up your cross and to follow Him, Satan redoubled his attacks on your life, as his aim is always to break down and destroy. But you need have NO FEAR because Jesus overcame the devil on the cross of Calvary through His shed blood, and He has been given all power in Heaven and on Earth. This power and authority He has delegated to those who receive Him as Lord, become His disciples and obey His commands. **Matt. 28:18-20: And Jesus came and spake unto them, saying, All power is given unto me in heaven and in earth. Go ye therefore, and teach all nations, baptizing them in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Ghost: Teaching them to observe all things whatsoever I have commanded you: and, lo, I am with you always, even unto the end of the world. Amen.**

He gave the same instructions to His disciples as we read in **Mark 16:14-18: Afterward he appeared unto the eleven as they sat at meat, and upbraided them with their unbelief and hardness of heart, because they believed not them which had seen him after he was risen. And he said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; In my name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; they shall lay hands on the sick, and they shall recover.**

So we, as believers have been given delegated power to overcome the attacks of the enemy, power to tread on scorpions and snakes, (which represent the works of demons) in the Name of Jesus!

We are empowered in His name to ward off these attacks and resist the enemy, and can do so much more effectively when we are alert and know his strategy and tactics. The devil's aim is to break your faith in Jesus and His Word, and he does this through opposing the promises the Lord has

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Jesus the Healer...)

given us in the Bible. Satan will attack your faith through lying symptoms, bringing doubt and unbelief. His aim is to tempt us to question whether or not Jesus has really healed us, or really intends to heal us. BE FORWARNED, AND BE READY TO RESIST HIM AND HIS EVERY ATTEMPT TO UNDERMINE YOUR FAITH. You must be watchful, pray continuously and do not be careless about your Spiritual life. Do not give place to the devil or open a door to him.

Our Spiritual weapons in this Spiritual battle are:

1. The Name of Jesus Christ (Mark. 16:17)
2. The Blood of the Lamb (Rev. 12:11 and Phil. 2:10)
3. The Word of the Lord (1 Joh. 2:14 and Eph. 6:17)
4. Praising Jesus (Ps. 22:4 and Ps. 149:5)
5. Praying in the Spirit (Eph. 6:18 and Rom. 8:26)
6. The belt of Truth (Eph. 6:14)
7 The breastplate of Righteousness (Eph. 6:14)
8. Preparation of the Gospel of peace as shoes on your feet (Eph. 6:15)
9. The shield of Faith (Eph. 6:16)
10 The helmet of salvation (Eph. 6:17)

Exercise your faith by using these weapons to resist the enemy, and the devil must flee!! According to **James 4:7: Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.** Tell others what Jesus has done for you and you will find that your own faith will be strengthened, and so will theirs. The Bible tells us that we overcome the enemy by the Blood of the Lamb and by the word of our testimony (Rev. 12:11), and when we declare the mighty works of our Lord, and testify of our healing, He will honour our faith in Him.

Our bodies are the temple of the Holy Spirit, and He expects us to care for our bodies sensibly, keeping them fit by eating a well balanced diet, exercising and having sufficient rest and recreation. **1Cor. 6:19-20: Know ye not that your body is the temple of the Holy Ghost which is in you, which ye have of God, and ye are not your own? For ye are bought with a price: therefore glorify God in your body, and in your spirit, which are God's.** We cannot blame God if sickness reoccurs and we have been negligent concerning our health. We often take our healthy body for granted, but a healthy body is a great blessing and we should care for it.

Once you have received healing from the Lord, keep your eyes on His promises and not on your symptoms. Read James 1:6-7 again, where the Word commands us NOT TO DOUBT. Sickness and pain are very real, but when we are believing the Lord and His promises for divine healing, it is not a matter of what we feel or see, but what we believe. If you are in pain, and you have asked the Lord to heal you, believe that the pain will go. Your confession of faith is in Jesus and His ability, He is true and reliable. If someone asks you how you are, say what you believe, say: "Praise Jesus, His Word says in **1 Pet. 2:24: By His stripes I am healed**! and in **2 Cor. 5:7 it says that we walk by faith and not by sight, therefore, according to the Word of the Lord, I believe that I am healed, and I am progressing well.**

An illustration may help you to understand this Biblical Truth. We used to grow orchids and anthuriums on a large scale and these beautiful flowers brought a lot of joy to us and also to many others too, they are really beautiful and they reflect the Lord's amazing imagination in His creative ability right there before your very eyes. Now if I were to

(Continued on page 8)



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes In Jesus,

Spreuke 18:21 is'n baie diep skrif en sê: **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.**

Meeste mense, wanneer hulle iets baie graag wil hê, sal iets soos dit sê: "Ek kan sterf vir daardie stuk koek!" Min sal sê: "Ek leef vir daardie stuk koek!"

Tog, is die waarheid dat elke woord wat jy spreek krag het – om hoop en drome op te bou of te vernietig, om te herstel of verlies te veroorsaak, om die gees te genees of te breek, om vreugde of verdriet te bring, om te seën of te vervloek – want God se Woord sê dat dood en lewe in die mag van die tong is.

Hou dus op om jou woorde in lyn te stel met die negatiewe omstandighede. In plaas daarvan begin om jou woorde in lyn te stel met God se Woord en stel die krag van Sy Woord vry om vir jou te werk.

Byvoorbeeld, in plaas van om oor te kort en armoede te praat, sê: "God se Woord sê vir my dat die goeie dinge alreeds hier is. Daarom verklaar ek dat my lewe geseënd is. Ek verklaar dat my lewe suksesvol is. Ek verklaar dat my lewe wonderlik is. Duisternis en swaarmoedigheid, armoede en siekte, mislukking en depressie, sal nie in my lewe wees nie!"

In plaas van om oor siekte en die dood te praat, sê: "Ek sal lank leef, ek sal nie jonk sterf nie. Jesus het jonk vir my gesterf sodat ek lank vir Hom kan leef. Ek is die geregtigheid van God in Christus en God se Woord verklaar dat geen kwaad die regverdige sal tref nie. Geen kwaad sal dus by my kom nie, nie nou en in die toekoms nie!"

In plaas van om met jou kinders oor vrees te praat, sê: "God se Woord verklaar dat die saad van die regverdige verlos sal word. Daarom is my kinders verlos van elke vloek, elke mag van die duisternis en alle boosheid. In die naam van Jesus, roep ek verder 'n wonderlike, skitterende en geseënde toekoms vir my kinders toe!"

God wil hê dat jy 'n lewe gevul met goeie dae en 'n oorvloed van elke goeie ding moet geniet. Daarom beveel ons in die naam van Jesus seëninge, guns, gesondheid, voorsiening, beskerming en mag om jul lewens te vul! Wees verseker van ons liefde en gebede vir elkeen van julle. Dankie vir jul liefde, gebede en voorsiening vir die werk van die Here.

Dankie dat julle ons arms hoog hou, ons waardeer elkeen van julle!

Meg en die Gebedspan

(Continued from page 7 - Jesus the Healer...)
contact you and say to you that I was going to send you a large box of orchids as a gift, what would your reaction be? Your immediate response to my promise would be, thank you Meg, what a wonderful gift, I have never had a whole box of orchids given to me in my life! I look forward to receiving them. You would then start thinking about their arrival, what they would look like, who you could share them with etc. This is a perfectly natural reaction, but think about it for just a moment. You have believed my word when I promised you the orchids, you have demonstrated this belief or trust in my word by thanking me immediately, even before you have received them or even seen them. Your reaction would be one of gratitude, and that to a mere mortal, who can lie, yet the Lord gives us His Word, and the Bible tells us that He is not a man that He should lie, will He not say it and is He not able to make it good? **Num. 23:19-20: God is not a man, that he should lie; neither the son of man, that he should repent: hath he said, and shall he not do it? or hath he spoken, and shall he not make it good? Behold, I have received commandment to bless: and he hath blessed; and I cannot reverse it.**

When we truly believe that we are going to receive something that has been promised to us, our immediate reaction is one of gratitude and thanksgiving, yet why do we find it so difficult to act in faith in this same way when it comes to the Lord's promises in His Word? When we have faith in His Word and demonstrate this faith, it pleases Him immensely. **Heb 11:6: But without faith it is impossible to please Him: for He that cometh to God must believe that He is, and that He is a rewarder of them that diligently seek Him.**

Persevere in faith, according to the Word, believing that the Lord will heal you as He has promised. We read in **Hebrews 10:35-36: Therefore do not cast away your confidence, which has great reward. For you have need of endurance, so that after you have done the will of God, you may receive the promise. For yet a little while, and He who is coming will come and will not tarry. Now the just shall live by faith; but if anyone draws back, My soul has no pleasure in him. But we are not of those who draw back to perdition, but of those who believe to the saving of the soul.** ●

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Wees gegroet in die wonderlike, onfeilbare naam van die Here. Deur gedra deur die genade van die gebede en die Here. Ek wil net vir julle baie dankie sê vir die gebede wat julle vir my dogter Jeronique Kwezi opgedra het. Die Here het haar wonderlik gehelp. Die hoofpyne wat sy altyd gekry het, het die Here weggevat, en ook haar skoolwerk. Die Here het wonderlik ingetree. Sy het al haar vakke goed geslaag en is ook op die merietelys van die klas. Ek eer die Here vir Sy wonderlike helpende Hand.

Mev J S Kwezi, Albertinia

Good Day,

I would like to thank you for prayers for my sister Iris, she is out of hospital. Tests were done on her lungs and heart came back clear.

We serve a mighty God!! Thank You and God bless you all at Christian Centre.

Kind Regards **Lorraine Lester, Johannesburg**

Amen, dankie net Jesus alleen kan die wonderwerk in Charles se liggaam doen. Waar drs. uitsprake het en dit lyk of daar geen hoop is gryp God in. Dankie vir julle gebede!!

Mev Bodington

Ek het 'n ruk gelede geskakel want daar was 'n ontsettende pyn op my hart. Julle het vir my gebid en die pyn was onmiddellik weg en opvolg toetse het getoon dat alles nou normaal is! Dankie vir gebede en ek loof Koning Jesus!

Mnr J P Smit, Kaapstad

Dit is altyd 'n voorreg om aan u en almal wat saam met u in diens van die Here is te skryf. Die Here is wonderbaarlik goed vir my. Ek wil ook net getuig van SY liefde en goedheid. Die Here het my genees en ek het geen pyn meer in my heup nie. Ek dank en loof Hom daarvoor!

Mev K Odendaal, Sunnyside

Ek groet julle almal in die wonderlike naam van ons Here Jesus Christus. Ek het voorbidding gevra verlede jaar vir 'n baba. En ek wil net al die eer gee aan die Hemelse Vader vir die wonderwerke, ek is swanger. Ek sê net baie dankie vir al die gebed!! Baie liefde en groete aan almal by die Sentrum.

Mev J Kruger, Jeffreysbaai

Dit is met groot blydskap in my hart dat ek vandag vir u wil laat weet dat die gebede van u vir my baie beteken het. Die Here het my vrou, Joey se rug en bene volmaak genees! Die lamheid is weg! Ek kan nie ophou om Vader te loof en te vertel nie. Ons Vader se genade is oneindig en Sy liefde onbeskryflik! Die Here Jesus seën elkeen van julle. Liefdegroete.

Mnr P van Zyl, Standerton

Liewe Meg en die span,

Baie dankie vir u brief en dat julle almal vir my gebid het vir die genesing vir my blaas. My blaas is gesond, en ek loof en prys Jesus dat Hy vir my voorbidding gedoen het by die Vader. My innige dank en baie liefde. Mag julle werk van krag tot krag gaan.

Mnr D Hoggart, Durban

Ek kan die Here net loof en prys vir mense soos u daar by Stanger. Groot dank aan onse Vader wat dit verhoor het. Ek het voorbidding gevra vir my heupe. Ek is daarvan volkome genees. Ek gee Koning Jesus al die eer daarvoor. Dankie vir leesstof wat ek gereeld ontvang en boekies. Prys Sy Naam!

Mev Susan Pieters, Durbanville